



Skimkamp Brief no.3

Teen die tyd maal jou kop al oor waar ons gaan kamp, wie is die Skim, wat ek gaan aantrek en en en....Tyd sal leer het my Ma altyd gesê.

Opdrag: Maak nou al vir jou vriende bymekaar vir die tafel wat jy gaan saambring. Probeer hom vol sit, ons spasie is beperk. Ons kom nou by die kreatiewe deel van jou brein. Maak vir jou goed bymekaar wat jy **Saterdagoggend aanmekaar gaan sit** om jou tafel baie spesiaal te maak . Dit wat jy aankoop mag nie meer as R100 per tafel wees nie, dit sluit alles in, blomme, serviette,kerse ens. Hou dit eenvoudig.

Hou ingedate ons gaan nie in 'n saal wees nie so die wind mag dalk jou kersie dood waai.



Prof. Google is baie gewillig.

Onthou die volgende:

Indien jy by jou maat wil staan sorg dat julle saam by ons plekkie aan kom Skimmie wag vir jou daar. Ons kan nie plek hou nie.

Inkort oor die naweek beplanning, die volgende reëlins:

Vrydagaand gaan ons die verlowing hou, daar sal iets wees om aan te peusel.

Daarna kan julle gaan braai en vrolik wees.

Saterdag oggend: 8h00 “Hardloop in die park” vir die wat wil en die aand saam met die verloofdes oorleef het.

Tee tuin: 10h00 Bring ‘n bordjie eetgoed saam en deel dit met die ander, ons sal sorg vir tee, koffie en sap. Bring jou tafel en kom kyk hoe word ‘n ruiker vir die troue gebou. Ons gaan ‘n paar van julle se hulp nodig hê. Skimmie die een mag jy nie mis nie! Ons kleur skema is rooi, blou en silwer. Soos al gesê is, hier gaan jy die goedjies vir jou tafel maak en inkleur. Onthou om alles saam te bring wat jy mag benodig.

Troue: 17h00 “Opgedress” en al - ons wag vir die Bruid en haar gevolg.

Al wat ek nog kan sê is: “ ons sal sorg dat jul magies gevul word” .

Dek jou tafel met ‘n **diep bord**, glasse, eie vonkelwyn ens.

Meer inligting sal julle by die kamp kry.

Sondag: 9h00 Kerk

Geniet die reis en maak hierdie naweek jou eie, ek is seker jy het die troufoto’s net soos ons geniet. ‘n Bruilof is gereël en jou plekkie is geboek. Die Bruid en Bruidegom is al baie opgewonde. Skimmie, het jy al die ringe gekry?

Die volgende brief sal sê van waar jy vertrek.....Noord, Suid, Oos of Wes?